

29 Desember

Skrifgedeelte: Openbaring 20:11-15

Fokusgedeelte: Openbaring 20:12

Die boeke oor ons lewe

Nie net sogenaamde belangrike mense se name en doen en late staan in boeke opgeskrywe nie, maar ook ons name. Hulle staan nie net in registers, soos geboorteregisters, doopregisters en huweliksregisters opgeskrywe nie, maar in boeke, in niemand minder as God se boeke nie. Ja, soveel aandag gee God aan ons. Maar dit maak ook ons verantwoordelikheid soveel groter, byvoorbeeld in verband met geregtigheid.

'n Mens verlang mos veral dat daar reg en geregtigheid in die wêreld moet geskied. Die skreiende onreg wat straffeloos gepleeg word, laat mens maklik verward en selfs sinies word oor hoe die aarde bestuur word. Maar die Bybel gee jou perspektief op sake. Jy kan alles in die geloof in God se hand laat. Dan verantwoord jy jou ook oor jou eie lewe en vind jy vrede by God.

Die geskiedenis stuur af op die voleinding wanneer God se heerskappy ten volle geopenbaar sal word. Daar gaan 'n einde kom aan hierdie bedeling waarin sonde, boosheid en lyding nog 'n greep uitoefen. God se finale afrekening gaan kom. Alles wat gebeur het, word dan aan die lig gebring. Die boeke oor die geskiedenis en elkeen se lewe word dan ooggemaak. Elkeen kry 'n billike verhoor. Maar dié wat dink dat hulle met onreg kan wegkom, word aan die kaak gestel. Selfs die dood laat iemand nie met onreg wegkom nie. Almal sal voor God verskyn. Hy verdra nie onreg nie.

Daar is wel 'n manier om God se oordeel vry te spring. Jy moet onder dié wees wie se name opgeskryf is in die boek van die lewe. Dit is dié wat op God se genade vertrou en volgens sy wil lewe, dié wat in Christus glo, dié wat Hom bely en Hom dien selfs as jy daarvoor vervolgt word. Dit is dié vir wie God alles is. Voor Hom gee die aarde en die hemel pad. Alles is op Hom in majesteit en heerlikheid op sy troon gefokus.

Sing: Skrifberyming 18-4:2

Prof J.L. Helberg (Emeritus)